*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 9 Julie 2021*

***"Experience is the hardest kind of teacher. It gives you the test first and the lesson afterward" Oscar Wilde***

## VINNIGE OPNAME OOR GETALLE VAN WERKERS IN DIE SITRUSBEDRYF

Die CGA is besig met 'n vinnige opname om die aantal werkgeleenthede regdeur die bedryf in Julie 2021 te bepaal en versoek u deelname.
U antwoorde sal ons insig gee in die aantal permanente sowel as seisoenale werkers wat tans in u onderneming werksaam is. Dit sal ook aandui hoeveel werkers by die verskillende sitrusbedrywighede betrokke is.
Die opname bestaan uit 8 kort vrae. U word vriendelik versoek om afsonderlike opnames vir elke entiteit te voltooi.
Die skakel vir die opname is hier beskikbaar: https://survey.zohopublic.com/zs/N7R8Jn
As u vrae het, kontak vir Sam Louw by sam@citrusacademy.org.za

## AGRI'S GOT TALENT

'n Paar weke is oor om inskrywings vir Agri's Got Talent 2021 in te dien! Inskrywings is oop tot 20 Julie 2021.
Dit is 'n uitstekende geleentheid om die moraal onder u landbouwerkers te bevorder, en om al die talent op u plase en pakhuise aan te moedig om in te skryf!
Deel die onderstaande inligting wyd en syd met almal, en laat ons, ons sitrusbedryf ondersteun om te skitter!
Hoe om in te skryf:
1. Neem 'n videogreep of stemnota van die deelnemer, wat nie vir langer as drie minute sing nie, op.
2. Voeg die volgende besonderhede by die teks: Naam, van, ID-nommer, deelnemer se eie kontaknommer, naam van plaas, pakhuis of kelder waarvoor u werk, posisie van werk, hoe lank u daar werksaam is, naam van naaste dorp en naam van studieleier met sy / haar kontakbesonderhede.
3. Stuur die inskrywing via WhatsApp na 082 372 1557 of e-pos aan thea@hortgro.co.za

Vir meer inligting, besoek die Agri's Got Talent-webwerf https://www.agrisgottalent.com/agris-got-talent-2021/ of kontak agritalent@gmail.com

## VKM SIT MET X-SIT - 'n CGA INISIATIEF

Die SIT-program vir valskodlingmot wat deur X-SIT, 'n CGA-maatskappy, gedoen word, het aansienlike beleggings gemaak in die ontwikkeling van hul produksiefasiliteit, programbestuur en implementering in 'n wêreldklas projek om ons groeiende bedryf te ondersteun. Ons weet dat dit nie maklik is om Citrusdal te bereik nie, so kliek asseblief op die video-skakel (Afrikaans of English) om 'n toer deur die fasiliteit te neem en te sien wat dit behels om die VKM SIT program te bedryf. X-SIT het ook sopas hul sosiale media bekendgestel waar u meer te wete oor X-SIT en VKM SIT kan kom. FACEBOOK of INSTAGRAM.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die voorspelde uitvoervolume vir 2021 is nou byna 7 miljoen kartonne laer as die skatting in Maart. Beide die lemoen fokusgroepe groepe (nawels en valencias) het 1,6 miljoen kartonne minder voorspel as die oorspronklike skatting, terwyl suurlemoene se voorspelling 2,3 miljoen kartonne minder is. Sagte sitrus (800 000 kartonne) en pomelo's (600 000 kartonne) is effens laer as wat voorspel is.

| Einde van Week 26 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AgriHUB | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's (17kg) | | | 12.7 m | | 10.6 m | | | |
| Pomelo's | 13.7 m | 12.3 m | 14.4 m | 10.4 m | 12 m | 18 m | 17.4 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 9.5 m | 12.2 m | 19.8 m | 10 m | 11.3 m | 30.5 m | 29.7 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 13.9 m | 20 m | 20.4 m | 17.4 m | 16.9 m | 30.2 m | 27.9 m | 29.6 m |
| Nawels | 13.8 m | 15.5 m | 16.2 m | 11.3 m | 11 m | 26.3 m | 24.7 m | 26.2 m |
| Valencias | 3.7 m | 5.8 m | 7.1 m | 2.7 m | 3.8 m | 58 m | 56.4 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **54.6 m** | **65.8 m** | **77.9 m** | **51.8 m** | **55 m** | **163 m** | **156.1 m** | **150 m** |

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS*